Nuusbrief
Laerskool Gamtoosvallei

6 Februarie 2017 **2 / 2017**

KLEREBANKTYE : 13h00 – 14h00 - Nuwetyd
Die klerebankgaan van nouaf net elketweedeMaandagoop wees.

Die klerebankgaan die volgendedatumsoop wees:
Maandag : 6 Februarie, 20 Februarie, 6 Maart, 27 Maart.

Dit is niegedurende die eksamen, vakansiesenvakansiedaeoopnie.

SARAH-BAARTHMAN ATLETIEK : OVAL : 17 en 18 Februarie
Atlete wat tydens die Kougaatletiekbyeenkomskwalifiseer, neem die naweekvan 17 en 18 Februarie by die Oval in Port Elizabeth deel. Name van atletesalna die Kougabyeenkomsdeurgegee word.

TALENTE-AAND : 14 FEBRUARIE – NUWE DATUM

Aangesiendaar min inskrywingsvirhierdiegeleentheid is, geld die volgendereëlings:

- Donderdagaand se Talent-geleentheidenwaatlemoenfeesverskuifna **14 Februarie .**
- Graad 1, 2 en 3-leerders sal die geleentheidkry om hul items om 11.30telewerendaarna waatlemoenkry. Hulleverdaaggewonetyd.
- Graad 4 -7 – leerderssalhul items om13:00lewerendaarnawaatlemoenkry. Verdaaggewonetyd.
- **Leerdersdra wit enrooi klere teen R3. (**Fondsinsameling van leerlingraad)

AFRIKAANS REDENAARS : 7 FEBRUARIE
Onderwerpe : (www.atkv.org.za)
Gr. 1 – 3 :Goggas
(2-4 min) Reënboog
Blink
Gr. 4 &5 :Klei
(3-5 min) Note
Blou
Gr. 6 &7 :Spieël
(4-6 min) Krap
Klik
Ouerswelkomom 10:20.

AMAZING RACE : 18 Februarie
Hildiebiedweerhierdiewonderlikeavontuurvironsaan. Komgeniet die oggend in die rustigeatmosfeer.

ALGEMENE KENNIS : 21 Februarie

Gr. 4 – 7 skryf‘n AlgemeneKennisvraestel. Onsvradatouershulsalbystaanenvertel van gebeuretersprake in die leerwerk. Ditkanjou kind baiebaat.

GR. 7 ENTREPRENEURS : 24 Februarie
Onthouasseblief ‘n geldjievirhierdie dag.

TENNIS
Seniors :Dinsdae : 14h00 – 15h00
Beginners :Dinsdae : 15h30 – 16h30

BOODSKAPPE, PAKKIES en KOSPAKKIES
Boodskappe, pakkies en kospakkies aan leerders moet tot die minimum beperk word.
Indien u ‘n kospakkie vir u kind by die kantoor afgee, moet u **self** vooraf met u kind reël om dit by die kantoor te kom haal.
Die kantoor het nie ‘n interkomstelsel nie en die sekretaresse kan nie elke keer die kinders se kospakkies in die klasse gaan afgee nie.

DISSIPLINêRESTELSEL : GR 4 – 7

U kind verteenwoordig u gesin by die skool. Hier kan hy/sy die goeie maniere wat u hulle reeds by die huis aangeleer het, toepas tussen ander waar hy/sy nie onder u toesig is nie.

Hier volg ‘n opsomming van die dissiplinêrestelsel. Sien die skool se gedragskode vir meer besonderhede.

Elke leerder begin ‘n kwartaal op 100 punte, hulle verdien vir elke week 5 punte as daar geen gedragsprobleme was nie. Die mikpunt is om 140 punte te behaal vir ‘n merietebalkie in kwartaal 1, 2 en 3.

Vir ‘n kategorie A oortredings word 5 punte op ‘n slag afgetrek, kategorie B oortredings (is ernstiger of herhaling van kategorie A oortreding) 10 punte en kategorie C oortredings (baie ernstig) 30 punte.

As ‘n leerder se punte tot by 70 punte daal, ontvang die leerder ‘n 2 uur detensie na skool, as dit verder daal tot 50, ‘n tweede detensie. By 20 word die ouers ingeroep vir ‘n dissiplinêre gesprek en die leerder word van alle voorregte by skool ontneem. By 0 punte vind ‘n dissiplinêreverhoor plaas waar leerders geskors kan word. Enige verdere probleme word daarna na die departement verwys.

DETENSIEDATUMS : 8 Februarie, 22 Februarie, 8 Maart, 22 Maart.

OUERS BESOEKE
ALLE ouers moet by die kantoor aanmeld en mag nie direk na die klasse toe gaan nie. Dit is vir veiligheiddoeleindes. U samewerking in die verband sal waardeer word.

TELEFOONNOMMERS

Stelasb. dieskool in kennisindien u selnommerveranderdeur die loop van die jaar. Dit is belangrikdatons u as ouertealletyekankontak.

PERSONEEL VERJAARSDAE
11 Februarie :Nomsa Speelman 10 Februarie: Stephan Kruger
28 Maart:Boeta Gerber 13 April :Sunelle Pretorius